The Paternoster Project NPC is looking forward to installing this sports concept in cooperation with the Sport Science Department of Stellenbosch University. Parkour is suitable for people of all ages, from six upwards.

The necessary funds to build this parkour facility have been secured through a grant from a fund for German non-profit organisations, to support projects for development and cooperation. The opening of the parkour facility is planned for the afternoon of 23 October, during the 3<sup>rd</sup> Paternoster Project Conference. We invite you to join us then. **PP**





# WAVES OF *Change*

BY REBEKAH FUNK



**T**he bright orange jackets worn by volunteers of the Paternoster Project are a striking contrast to the muted colour palette of this West Coast seaside town. Here, the architecture is painted almost entirely white, accented by the occasional blue door or window shutter, and engulfed by earthy tones of sea, sand and sky.

Much like their jackets, the non-profit's student volunteers stand out in this close-knit fishing village. They have emerged a persevering force for positive change in Paternoster — equipping its youth for the future, whilst also ensuring local heritage is not only preserved, but treasured.

“We see great potential in every child, regardless of their social circumstances. We want to give them a sound foundation for

a healthy and fulfilling life,” explains the organisation’s project manager, Maïke Reinhardt.

“We are trying to achieve this vision through development cooperation – empowering, mobilising and integrating local participation first, and as much as possible,” she adds.

“We’re focusing our work on about 250 children from the Educare Centre and St Augustine’s Primary School (between the ages of four and 15), teaching them important life skills that have been identified by parents, the community, our partners at Stellenbosch University, and the foundation.”

The strength of the organisation’s transformative work is its belief in ground-up development: “Nothing about Paternoster, without Paternoster, is for Paternoster,” emphasises local entrepreneur and former skipper André Kleynhans of Anker Builders, who has given much of his time and construction expertise to seeing the project succeed.

Tannies cook, mothers read and local enterprises donate free labour, food and building materials. There’s been sustainable community buy-in from the outset – and their confidence in the project has made all the difference.



## CASTING A VISION

Founded in 2016, the Paternoster Project NPC began with a telephone call between Christian Neuber, a German publisher-turned-philanthropist, and a friend at Paternoster Fishery. Christian had owned a small wine farm in Stellenbosch and wanted to use his financial resources (and love of literacy) to give back to underprivileged children.

Christian and his wife, Katrin, first chanced upon this darling corner of the Western Cape in 2015. They were immediately swept up by Paternoster's charm – but also awakened to some of the most pressing issues facing the community: high unemployment, alcoholism and the entrenched marginalisation of the area's indigenous population.

Paternoster's main industries – fishing and tourism – were both seasonal, affecting the livelihoods of residents and their families. Steady incomes were difficult to come by; people lacked funds for food and their children's school fees. Over time, school absenteeism grew, with some learners dropping out altogether. Young people, unconvinced of their own potential, were increasingly tempted to turn to alcohol, drugs or petty crime to curb their boredom.

Yet in Paternoster, the Neubers sensed both the energy and local talent needed to address these obstacles. They set about building valuable community connections, pulling together a joint team of capable Germans and South Africans who would see their shared vision to fruition.

## BUILDING SKILLS – FOR LIFE

It's evident that people here care – so much – about the future of their beautiful home. And now, through the Paternoster Project NPC, they're being equipped with the tools and resources to turn their concern into action.

The project runs throughout the year with the help of various stakeholders from Germany and South Africa, with the bulk of financial backing coming from Christian's German Foundation, *Kinder fördern – Zukunft stiften*.

These donations ensure a variety of activities: an after-school programme with nutritious home-cooked meals, engaging weekly story times, hands-on gardening lessons, themed holiday clubs, ambitious building projects, and expert-led parenting seminars.

These efforts are bolstered by new teams of volunteers who arrive in Paternoster from the universities of Baden-Württemberg (Germany) and Stellenbosch (South Africa), keen to share their time and academic knowledge in a practical setting. Most stay three months; others longer – the project's current long-term volunteer, Caro Zobel, has lived in Paternoster for 15 months and has established deep relationships with community members.

The volunteers are studying (or have already completed degrees) in teaching, while others specialise in early childhood development, youth work, music and theatre, coaching or kinderkinetics. All share a desire to see the children of Paternoster flourish.

A telling milestone? This year, the project trained its first "junior volunteer", a local high school learner who'd outgrown the programme – but nevertheless wanted to return and reinvest his time in an organisation that had changed his life.



From left: Christian (founder and philanthropist), André (builder of the Volunteer House), Maïke (Paternoster Project manager)



**“The strength of the organisation’s transformative work seems to be its ground-up development mantra – that ‘nothing about Paternoster, without Paternoster, is for Paternoster’.”**

Caro Zobel, long-term volunteer from Germany, with junior volunteer Alviro from Paternoster







### A HOUSE OF HOPE

One of the key visions for the Paternoster Project NPC has always been to create a safe space for both children and volunteers – places they can go to simply “be themselves” and learn valuable life skills through play.

It didn't take long for afternoon programming to outgrow the limited space at the project's initial home, St Augustine's Primary School. Volunteers were leading singing and dance lessons; art and crafts; sports such as soccer, yoga, breakdancing and rugby; technical LEGO challenges and beginner German.

For some children, it was as if a whole new world had opened up – they began to learn all the things at which they excelled; that their potential in life was more promising than they'd first thought. The after-school programme became a daily highlight, where they could connect with friends, feel cared for, and see positive role models among local and international volunteers.

Knowing their valuable work could only continue with a bigger space, Paternoster Fishery has provided a venue in the middle of the village from 2018 to 2020. Called *Hoopsig* – or Hope View – this children's house has allowed the project to open its doors to more youth from Grade R to Grade 7.

Stepping inside, one immediately sees – and hears – traces of children everywhere: their backpacks on hook-lined walls, colourful handprints and murals from floor to ceiling, and their squeals of delight as they chase each other through a fishing-themed playground outside.

In the kitchen, the “Golden Oldies” (the *tannies* who cook hot meals every afternoon) are hard at work, stirring steaming pots of curry and rice made with their grandmothers' recipes. For them, it's a joy to serve their community through food – an important cultural tradition that's being modelled to a new generation.

When the food is ready, the children pause their games. They wash their hands, dig into a hearty meal, and quickly brush their teeth before heading out again to play.

“The new *Hoopsig* kids' house has allowed the project to open its doors to more kids from Grade R to Grade 7.”

Two of the *tannies* who cook hot meals every afternoon with some of the children







The Volunteer House in Paternoster



Joan Kruger, Story Hook manager, reading to the children

### PLANTING A SEED

*Hoopsig* is scheduled to be bulldozed to make way for a new development in the area. And with the future of this safe space hinging on uncertainty, Paternoster’s leadership team has begun dreaming big once again.

Their vision? A new “children’s village” – with a house large enough to host as many as 180 children, and designated spaces for each of the different life skills lessons. In it, a well-equipped kitchen, and outside, a larger community garden, playground and adjacent sports field.

“We see sports and movement as an essential part of our programme and crucial for the development of our kids,” explains Maïke.

“We’ve established an outstanding relationship with the Sport Science Department at Stellenbosch University – they lead physical education events for all ages and abilities, and have introduced a hugely successful kinderkinetics programme at the local crèche. While we often lack the equipment and facilities to fully realise these initiatives on a larger scale, a children’s village would be pivotal to improving and expanding the areas in which children can play.”

### HOOKED ON BOOKS

“Books were my lifeline when I was growing up in a remote little town,” says Joan Kruger. “I would like that to be true for every child; we all need a little life-saving.”

It was this abiding love for words that led to Joan’s 50-year career in magazines and publishing, a PhD in linguistics and, after a move to Paternoster five years ago, “Story Hook” reading times. Joan is one of a handful of “story tannies” who do their best to make reading fun – they visit Paternoster Project’s after-school programme every week with an armful of new books.

“At Story Hook, we so often hear: ‘Oh, I can’t read.’ So we ask them to sit and listen instead. And then we trust in the stories to work their magic and to slowly reel these ‘can’t-readers’ in,” Joan explains.

While it’s not intended as a remedial reading programme,

### Raise a reader

Story Hook is looking for enthusiastic volunteers to read to children once a week (currently on Thursday afternoons) at *Hoopsig* in English, Afrikaans or isiXhosa.

If you’d rather donate your favourite childhood tale, the programme also accepts book donations (deliver them to Cathy’s Café or the local library).



Or buy a copy of Paternoster Project NPC’s new birthday calendar, which features the stunning photography of Voorstrandt’s Adrian Venter. They’re available for R125 at Voorstrandt Restaurant, Cathy’s Café, and at Jêm & Pantoffels. All proceeds from calendar sales go towards buying books for the *Hoopsig* library.



**“ We will change all of the Paternoster children’s lives for the better, even if it takes us one child at a time.”**



many learners have seen their results in English and Afrikaans improve at school as a byproduct of the project’s bilingual immersion.

Local librarian, Lalie Beneke, says she’s also noticed a new trend: children coming to visit the library “just for fun”. She does her best to support Story Hook’s mission beyond the after-school programme, creating an engaging space for children and teenagers – with books and magazines at centre stage.

In winter, there’s a crackling fire and places to challenge friends to a round of chess; when school’s out, Lalie runs themed holiday clubs and movie viewings with popcorn. It’s become another vibrant, safe community space where all are welcome – and a case study of what can happen when locals are willing to collaborate.

### MEASURING POSITIVE IMPACT

“Every sign of engagement is a success,” says Paternoster-born Dustin Coraizin, who teaches at Rietenbosch Primary in Stellenbosch but drives back to the West Coast as often as possible to lend his support to the volunteers.

At just 27 years old, he knows the struggle to “make it” in a community with so few jobs – he’s played in the same streets and endured many of the same challenges as a child of a hard-working single mother. Now, he’s doing his master’s degree through Stellenbosch University and is trying to show other youth from the village what’s possible.

“I always admired the drive my mother had. She worked a full-time job and still made time to help with community projects. She opened my eyes ... to striving for better, not just for myself, but for the future of an even greater community.”

His excitement to contribute also stems from the knowledge that the project isn’t just changing children’s lives – the reach is much deeper: “The project does not only focus on the children of Paternoster, but the parents, the grandparents and the legal guardians.”

Dustin adds: “Our community and government need to know that if an individual is aware of the endless possibilities that await them – especially our children of Paternoster – how great could that part of South Africa become? We will change all of the Paternoster children’s lives for the better, even if it takes us one child at a time.”

This October, the project’s stakeholders will meet to take stock of the year’s progress. The annual Paternoster Project Conference attempts to measure the non-profit’s positive social impact, while also fostering accountability, open lines of communication and excitement about what’s to come.

It can be difficult, in the early stages of a project like this, to scientifically quantify its impact. Paternoster Project NPC has tasked two West Coast-born researchers from Stellenbosch University with measuring their milestones in the coming years: Dr Jerome Joorst and Dr Bernard Rhodes.

“As a researcher, I am analysing the impact that the NPC has on the local heritage conservation and skills education of the learners in the programme, as well as on the community at large,” says Jerome, who specialises in education in rural areas. “I’m interested in who these children become as a result of the programme.

“One is often humbled by the challenges that face children who are born into circumstances that they have little control over,” he adds. “To be allowed into their lives is firstly an honour, to work with them is rewarding and to make a difference in their lives is the ultimate dopamine for the human spirit.”





## CHANGING TIDES

A walk along Paternoster's expansive beach yields hidden treasures – swept in, and often, out again – by each new crashing wave. These stones, shells and seaweed ribbons serve as a reminder of the inevitability of change – that new winds can bring both storms and prosperous catches; setbacks and huge victories.

It's a notion that brings lasting hope in the face of daunting challenges, Maïke says – times of agonising anticipation, occasional frustration, or the financial uncertainties that come with rapid growth and overwhelming need of the dynamic project.

“My experience has taught me that encouragement always follows after discouragement – both ups and downs are crucial to learn and develop,” she says.

The year 2019 has brought exciting changes – the landmark new Volunteer House is now complete and poised to open its doors to the community. Envisioned as a social meeting hub where volunteers can host welcome braais or workshops with local teachers and crèche staff. The house is part hostel, part café, part conference venue.

It's a sign the project is here to stay for the long haul – no matter what the tide brings. There is still much to do and learn from a community as rich in cultural heritage as Paternoster.

For Caro, the long-term German student volunteer who's spent more than a year in the village, the biggest lessons haven't been the ones she taught children in the “structured chaos” of the after-school programme. Her time in South Africa has caused her to see the world in a whole new way; to challenge her own set ways and perceptions.

Caro hopes all who visit Paternoster will slow down, stay a little longer, meet the locals and see this West Coast gem as she does. Caring. Courageous. Resilient.

And bursting with potential. **PP**

## Paternoster needs you!

**T**aking a holiday in or around Paternoster? Come and see the project in action:

- Pre-arrange a guided tour of the after-school programme at *Hoopsig*, and the recently completed Volunteer House and café.
- Pledge your time, skills, materials or finances – a little goes a long way in shaping the lives of Paternoster's young people, and creating a better future for the whole West Coast.
- Donate funds to ensure the dream of a new “Paternoster Children's Village” becomes reality.
- Keep up to date on the project's progress: order a copy of the printed newsletter or download the digital version from the organisation's website.



To find out more, become a volunteer or donate, visit [www.paternosterproject.co.za](http://www.paternosterproject.co.za).

## Grateful thanks for donations to the Paternoster Project NPC during 2019

**S**o many people have assisted with donations to the Paternoster Project NPC and we are sincerely grateful for every contribution – large and small. To all the known and anonymous contributors, thank you.



This money box "Kids' House", designed by Dianne Heesom-Green, sized 13 x 12 x 10 cm, is provided by the Paternoster Project NPC for restaurants, shops and hotels in Paternoster to collect money. If you require one, please contact us via the website.



**“Thank you to the Paternoster community for their silent but hard work and for believing in this wonderful opportunity.”**



**FINANCIAL DONATIONS**  
 André Kleynhans, Zisler family,  
 Sascha Tünnissen,  
 EARSANDEYES, Jan van Berg,  
 W. Markgraf GmbH & Co KG,  
 Margarethe Nath,  
 Arnegger family

**ADRIAN VENTER**  
 Photos for the  
 birthday  
 calendar

**FEEDING**  
 André Kleynhans, Ulrike  
 Eichler, Leeto Restaurant,  
 Gaatjie Restaurant

**URO ERICHSEN  
 (ARTIST)**  
 Money from an  
 auction

**ARNOLD VAN ZYL**  
 Bus sponsorship for  
 the Kirstenbosch  
 outing


**BLUE OCEAN  
 ENTERTAINMENT AG**  
 Printer and  
 computer

**DENTIST,  
 DR LUTZ DÄHNE**  
 Kids' and office  
 furniture

**PATERNOSTER  
 FISHERY**  
 Play tower

**KIDS' TOYS AND  
 SPORTS EQUIPMENT**  
 Katrin Neuber, Arie Ras,  
 Dobler family,  
 Katrin Krauss

**GARDENING**  
 Joan Kruger,  
 Hedwig Slabig,  
 Dave Westbrook



**C**ontributing to the feeding of the children means that you can choose the day of the week and the number of repetitions. To cover one hot meal, we need R2 000 per day. You can find the tool to book your feeding donations at [www.paternosterproject.co.za/donate](http://www.paternosterproject.co.za/donate).

**Paternoster Project NPC  
 Nedbank  
 Account number: 1146942400  
 Universal branch code: 198765**

Should you wish to contribute to the work being done with the children of Paternoster and be part of positive change, your donation of materials or money would be greatly appreciated. Please find more information about what is needed at [www.paternosterproject.co.za/donate](http://www.paternosterproject.co.za/donate).

# 3<sup>rd</sup> PATERNOSTER PROJECT CONFERENCE

23–25 October 2019

At Gelukkie, Paternoster, South Africa

**T**he 3rd Paternoster Project Conference will be held from 23 to 25 October in Paternoster. This annual event includes delegates from South Africa, Namibia and Germany who represent various universities and educational institutions, along with the local municipality, non-governmental organisations (NGOs), local leaders, volunteers and other interested parties.

Focus subjects to be discussed this year will include the possibility of a new kids' house to serve as a safe space for the development of Paternoster's children; further development of a sustainable life skills programme; and the effective cooperation between South African and German universities to create processes by which the social impact of the project can be measured.

*For more information, see: [www.paternosterproject.co.za](http://www.paternosterproject.co.za).*

“To equip the youth of Paternoster for the future  
and to maintain the local heritage.”



PUBLISHER: CHRISTIAN NEUBER · EDITOR: KERI HARVEY · DESIGNER: ASTRID ROWE · TRANSLATORS: ELANZA ALBERTS, LOUISE BOTHA, MARLENE ROSE AND LIZNA SNYMAN · PROOFREADERS: HALEY ABRAHAMS (ENGLISH), LINÉ LOFF (AFRIKAANS)



# PATERNOSTER PROJECT NUUS

UITGAWE NO. 5 • OKTOBER 2019



DIE AMPTELIKE  
NUUSBRIEF VAN DIE  
PATERNOSTER PROJECT NPC

Om die jeug van Paternoster  
toe te rus vir die toekoms  
en om die plaaslike  
erfenis te onderhou.



Christian Neuber

**D**rie buitengewone en ryk geskakeerde jare het gekom en gegaan sedert ons ons werksaamhede met die Paternoster Project NPC begin het. Dit was ook drie jaar waarin geweldig baie gebeur het in Paternoster, die klein en idilliese dorpje aan die Weskus van Suid-Afrika.

Die heelhartige samewerking met die lede van die gemeenskap verdiep van maand tot maand en word net ál beter. Die “tannies” kook reeds elke dag vir ons kinders in Hoopsig, die kinders se middagtuiste, terwyl pa’s en oupas skouer aan die wiel gesit het met die aanlê van die Paternoster-tuin. Toekomstige projekte word in ’n gees van openhartigheid bespreek en besluite word daarvoor geneem. ’n Wedersydse begrip groei gestadig van dít wat in Paternoster moet gebeur om die heersende lewensomstandighede te verbeter.

Daarbenewens kon ons in die afgelope jaar ook daarin slaag om die samewerking tussen die deelnemende universiteite uit Suid-Afrika (Stellenbosch) en uit Duitsland (Weingarten, Stuttgart, Heidelberg en Freiburg) na ’n nog hoër vlak neem. Die verteenwoordigers van hierdie opvoedkundige instellings is vuur en vlam om hul bydraes hier in Paternoster te lewer. So lui ons doelstelling: “Ons strewe is om die kinders van ’n gesonde grondslag vir ontwikkeling te voorsien; een wat hulle in staat sal stel om in Paternoster te bly en suksesvol en volhoubaar te werk. Die sleutel hiertoe is ’n deeglike, breedgebaseerde opvoeding wat ook die plaaslike erfenis in ag neem en respekteer.”

Dit is met vreugde dat ons nou weer met ons nuusbrieff ’n kort oorsig van ons werksaamhede die afgelope maande bied. Hierdie bedrywighede het gepaard gegaan met geweldig baie toewyding en

passie, emosionele belewenisse en natuurlik ook harde werk.

Dit bly steeds ’n spanpoging tussen die inwoners van Paternoster, die vrywilligers, die medewerkers van die universiteite en veral ook die kinders van Paternoster. Almal werk saam om in die volgende jaar ook weer ’n ent nader te kom aan hierdie besielende visie. Kom, laat ons saam die toekoms tegemoet gaan. Ondersteun ons, asseblief – met dade, geldelike steun of selfs net met woorde van bemoediging.

Ons dank u en hou u ook graag op die hoogte van die verdere verloop van hierdie belangrike projek.

Hartlike groete

CHRISTIAN NEUBER

... en almal wat met soveel vreugde en geloof saamwerk aan die Paternoster Project NPC



Die kinders het die Kirstenbosch-uitstappie terdeë geniet.



**“ Ons strewe is om die kinders van ’n gesonde grondslag vir ontwikkeling te voorsien; een wat hulle in staat sal stel om in Paternoster te bly en suksesvol en volhoubaar te werk.”**



ANKER BUILDERS of EXCLUSIVE HOMES  
ANKER BOUERS van EKSKLUSIEWE HUISE  
[www.ankerbuilders.com](http://www.ankerbuilders.com)

*Paternoster is ons tuisdorp*



André Kleynhans +27 (0)83 480 4930  
[paternoster@absamail.com](mailto:paternoster@absamail.com)

Hannes Kleynhans +27 (0)72 1544 701  
[hannes@ankerbuilders.co.za](mailto:hannes@ankerbuilders.co.za)

<https://m.facebook.com/AnkerBouKontrakteurs/>  
[www.ankerbuilders.com](http://www.ankerbuilders.com)



# Paternoster Project NPC-lede

## Raadslede



**André Kleynhans**  
SUID-AFRIKA

André Kleynhans woon al langer as 30 jaar op Paternoster en die Paternoster-gemeenskap het die hoogste agting vir hom.

Hy het eers as 'n visserman en skipper gewerk, maar in 2003 het hy Anker Bouers, 'n familiebesigheid enig in sy soort op Paternoster, begin. Anker Bouers het 'n uitstekende reputasie en het die ikoniese Vrywilligershuis gebou. André is bekend vir sy filantropie en het verlede jaar die Saldanhaabaai Munisipaliteit se Gemeenskapstoekenning ontvang in die kategorie "Oorbrug grense tussen verdeelde gemeenskappe".



**Maïke Reinhardt**  
DUITSLAND

Maïke Reinhardt se vasberadenheid en matelose energie het haar goed te staan gekom toe sy 'n bietjie meer as twee jaar gelede

die Paternoster Project NPC saam met Christian Neuber begin uitbou het. Maïke is in Stuttgart gebaseer. Danksy jare se ervaring by 'n internasionale maatskappy weet sy hoe om projekte te bevorder deur nuwe idees te implementeer. Sy koördineer die werwing van vrywilligers in Duitsland, hou toesig oor die Paternoster Project NPC en organiseer die jaarlikse internasionale Paternoster Project Konferensie.



**Sascha Tünnissen**  
DUITSLAND

Sascha Tünnissen se lewe op Paternoster het op 4 Augustus 2018 begin. Sy aanvanklike

kort besoek as vrywilliger by die Paternoster Project NPC het 'n langtermynverbintenis geword. Sy diploma in uitstalling- en kongresbestuur en 20 jaar se werks ondervinding, onder andere by sy eie maatskappy, kom hom nou goed te staan. Al is Paternoster ver van sy geboortedorp Kranenburg in Duitsland, sê Sascha Paternoster is waar hy wil wees.

## Projeklede



**STORIEHOEK SE BESTUURDER**

**Dr Joan Kruger**  
SUID-AFRIKA

Dit was haar liefde vir woorde wat gelei het tot Joan Kruger se loopbaan in die uitgewersbedryf, 'n PhD in linguïstiek,

en nou die bestuur van Storiehoek. Joan het by koerante en vrouetydskrifte gewerk voor sy na pasgemaakte kliëntepublikasies oorgeskakel het. Sedert sy haar op Paternoster gevestig het, skryf sy voltyds aan historiese niefiksie. Sy en haar man, Douw, is albei betrokke by Storiehoek. Hulle glo dat boeke kinders van hulle potensiaal bewus maak en hulle inspireer om te droom.



**Dr Bernard Rhodes**  
SUID-AFRIKA

Bernard Rhodes, tans hoof-administrateur: Praktiese Leer aan die Universiteit Stellenbosch, is reeds 15 jaar

lank aktief betrokke by die onderrig van voor- en nagraadse studente in die opvoedkunde. Hy het ook amper 30 jaar se praktiese ondervinding as opvoeder by 'n hoërskool in 'n uitdagende sosio-ekonomiese area in Kaapstad. As inwoner van die Weskus is hy net so passievol oor die opleiding van onderwysers as oor die vind van suksesvolle oplossings vir Paternoster se uitdagings.



**Dr Jerome Joorst**  
SUID-AFRIKA

Jerome Joorst woon en werk reeds meer as 20 jaar lank as 'n opvoeder aan die Weskus. Hy is passievol oor sosiale geregtigheid en die opheffing van

gemarginaliseerde studente. Jerome is 'n voltydse akademikus by die Department van Opvoedkundige Beleidstudies aan die Universiteit Stellenbosch. Sy navorsingsbelangstelling is opvoeding in landelike gebiede. Hy het al in verskeie skoolbestuur- en jeugmentorskapstrukture gedien. Sy passie en analitiese insig bring 'n hoë vlak van kundigheid na die Paternoster Project NPC.

## Erelid

Christian Neuber is die stigter van 'n uiters suksesvolle uitgewery in Duitsland. Nou belê hy in die toekoms van kinders – in Duitsland, sy land van herkoms, en in Paternoster, sy tweede tuiste. Sy oortuiging dat opvoeding transformasie in die hand kan werk het gelei



**Christian Neuber**  
DUITSLAND

tot sy stigting *Kinder fördern – Zukunft stiften* in 2009 en die Paternoster Project NPC in 2016. In 2018 het die Saldanhaabaai Munisipaliteit hom vereer met hulle jaarlikse Gemeenskapstoekenning vir sy uitsonderlike bydrae tot opvoeding.

# Die vrywilligerspanne van 2019



## Beste gesinne van Paternoster,

Ons is die vrywilligers vir 2019. In die oggende gaan ons by die crèche uithelp en onder andere Engels, sport, tandhigiëne en sang aanbied. Ons gaan almal in die namiddae van Maandag tot Vrydag lewensvaardigheidswerkswinkels aanbied by Hoopsig, die kinders se huis in die hartjie van Paternoster. Ons is baie opgewonde om met julle kinders te werk and saam pret te hê. Moenie skroom om ons te kom ontmoet en ondersteun nie – ons waardeer elke helpende hand.

## Januarie tot Maart



**Becci**  
Onderwysstudent




**Caro**  
**LANGTERMYNVRYWILLIGER**  
BA Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe & Gesondheidsorgbestuur



**Hanna**  
Onderwysstudent



**Nicky**  
Onderrig en wetenskap  
(kinderkinetika/sport)



**Sarah**  
Onderwysstudent



**Jan**  
Opvoedkundige maatskaplike werker (mobiele jeugwerk)



**Julian**  
Opvoedkundige maatskaplike werker (mobiele jeugwerk)



**Lina**  
Onderwysstudent

## April tot Junie



**Nicky**  
Onderrig en wetenskap  
(kinderkinetika/sport)



**Caro**  
**LANGTERMYNVRYWILLIGER**  
BA Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe & Gesondheidsorgbestuur



**Lydia**  
Onderwysstudent



**Katarina**  
Onderwysstudent



**Linus**  
Onderwysstudent



**Giulia**  
Onderwysstudent



**Muriel**  
Onderwysstudent



**Nora**  
Onderwysstudent



## Julie tot September



**Michaela**  
Onderwysstudent



**Caro**  
**LANGTERMYNVRYWILLIGER**  
BA Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe & Gesondheidsorgbestuur



**Candice**  
Onderwysstudent



**Carolin**  
Onderwysstudent



**Silke**  
Onderwysstudent



**Marcel**  
Musikant en  
maatskaplikewerkstudent



**Alviro**  
Junior-vrywilliger (graad 8)



**Anslyn**  
BA Drama- en Teaterstudie



**Susanna**  
Onderwysstudent

## Oktober tot Desember



**Rosi**  
MA Omgewing,  
Ontwikkeling en Beleid



**Caro**  
**LANGTERMYNVRYWILLIGER**  
BA Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe & Gesondheidsorgbestuur



**Timon**  
**LANGTERMYNVRYWILLIGER**  
BA Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe & Gesondheidsorgbestuur



**Janosch**  
Student (sosiale wetenskappe)



**Alviro**  
Junior-vrywilliger (graad 8)



**Shanna**  
Junior-vrywilliger



**Melanie**  
Student (sosiale wetenskappe)



**Lena**  
Onderwysstudent



**Leonie**  
Onderwysstudent



**Nadja**  
BA Veeltaligheid en  
Interkulturele Onderrig

# NAMIDDAGPROGRAM

## Januarie tot Desember 2019

	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG
LEWENSVAAARDIGHEIDWERKSWINKELS	<b>Dans</b> Caro & Anslyn/Caro & Muriel/ Caro & Sarah Maks. 25 kinders	<b>Karate</b> Sanna Maks. 25 kinders	<b>Dans</b> Caro & Anslyn/Caro & Muriel/ Caro & Sarah Maks. 25 kinders	Alle vrywilligers en plaaslike vrywilligers	<b>Karate</b> Sanna – Danssaal Maks. 25 kinders
	<b>Sokker/rugby</b> Marcel/ Nicky Maks. 25 kinders	<b>Bordspeletjies</b> Alviro & Shana/ Linus/ Caro/ Sarah Maks. 20 kinders	<b>Drama</b> Anslyn/ Becci Maks. 20 kinders		<b>Bordspeletjies</b> Alviro & Shana/ Linus/ Caro/ Sarah – Studiesaal Maks. 20 kinders
	<b>Kuns en handwerk</b> Sanna & Carolin & Candice/ Katha & Nora/ Nicky & Hanna Maks. 20 kinders	<b>Musiek</b> Marcel/ Lydia/ Julian Maks. 20 kinders	<b>Fluitles</b> Silke Maks. 10 kinders		<b>Musiek/ lyfperkussie</b> Marcel/ Lydia/ Julian Jeugkamer Maks. 20 kinders
	<b>Fluitles</b> Silke Maks. 10 kinders	<b>Duits</b> Silke & Anslyn Maks. 15 kinders	<b>Kuns en handwerk</b> Sanna & Carolin & Candice/ Katha & Nora/ Nicky & Hanna Maks. 20 kinders		<b>Duits</b> Silke – Kuns- en handwerk- kamer Maks. 15 kinders
	<b>Joga en ontspanning</b> Hanna/ Nora Maks. 15 kinders	<b>Paternoster-tuin</b> Hedwig & Magda / Giulia & Lydia/ Jan / Carolin & Michaela Maks. 15 kinders	<b>Atletiek</b> Nicky Maks. 20 kinders		<b>Drama</b> Anslyn/ Becci – Eetsaal Maks. 20 kinders
	<b>Sokkeropleiding</b> Jan/ Linus & Muriel Maks. 25 kinders	<b>Sokkeroefening</b> Jan/ Linus & Muriel Maks. 25 kinders	<b>Bou dit</b> Giulia & Katha/ Lina & Sarah Maks. 15 kinders		<b>Paternoster-tuin</b> Hedwig & Magda / Giulia & Lydia/ Jan / Carolin & Michaela Maks. 15 kinders
	<b>Bou dit</b> Giulia & Katha/ Lina & Sarah Maks. 15 kinders	<b>Rugbyoefening</b> Nicky Maks. 20 kinders	<b>Sport en aktiwiteite (kinderkinetika)</b> Nicky/ Jan & Nicky/ Sarah & Lina Maks. 15 kinders		<b>Sport en aktiwiteite (kinderkinetika)</b> Nicky/ Jan & Nicky/ Sarah & Lina Maks. 15 kinders
	<b>Musiek</b> Julian & Becci Maks. 20 kinders	<b>Musiek</b> Julian & Becci Maks. 20 kinders	<b>Duits B</b> Lina Maks. 10 kinders		<b>Joga en ontspanning</b> Hanna/ Nora Maks. 15 kinders
	<b>Duits A</b> Becci Maks. 15 kinders	<b>Koerant</b> Hanna Maks. 10 kinders			<b>Koerant</b> Hanna K1 Maks. 10 kinders
	ONDERSTEUNING	<b>Kookkuns</b> Muriel & Ruby	<b>Kookkuns</b> Julie & Sally & Lucy		<b>Kookkuns</b> Muriel & Ruby
<b>Skoonmaak/ huishoudkunde</b> René		<b>Kombuis</b> Esmeralda	<b>Kombuis</b> René	<b>Kombuis</b> René	<b>Skoonmaak/ huishoudkunde</b> Candice
<b>Hekwaghou/ instandhouding</b> Gerd		<b>Hekwaghou/ instandhouding</b> Gerd	<b>Hekwaghou/ instandhouding</b> Gerd	<b>Hekwaghou/ instandhouding</b> Gerd	<b>Hekwaghou/ instandhouding</b> Gerd



'n Pato Times-werkswinkel



Julian Zisler lei 'n musiekwerkswinkel.



## Lewensvaardighede vir almal

**O**ns het vanjaar verskeie lewensvaardigheidswerkswinkels as deel van die namiddagprogram aangebied. Die werkswinkels word gewoonlik een of twee maal per week vir ses maande, of selfs langer, aangebied. Die duur van elke program word bepaal deur die vaardighede van vrywilligers, wat gewoonlik vir drie tot ses maande op Paternoster is.

Een van die projekte – die *Pato Times*-koerant – het in 2017 begin. Hierdeur leer kinders hoe om onderhoude te voer, artikels te skryf, foto's te neem en kreatief te wees. Loer gerus na die kinders se werk in die jongste *Pato Times*, wat op ons webtuiste afgelaai kan word by [www.paternosterproject.co.za](http://www.paternosterproject.co.za). *Pato Times* fokus op die lewe in Paternoster en die kinders se hoop en verwagtinge vir die toekoms. Hierdie uitgawe is saamgestel deur die Duitse vrywilliger en joernalis, Hana Eder, en 'n plaaslike span van 20 kinderverslaggewers.

Ons beplan om vanaf Desember 2019 'n nuwe werkswinkel oor robotika aan te bied. LEGO-robotika is 'n platform wat kinders blootstel aan praktiese ingenieurstake rakende die ontwerp en bou van bedryfsrobotika. Robotika leer kinders van ses jaar en ouer om innoverende oplossings vir probleme te vind. Dit verbreed hulle denke om nuwe vaardighede aan te leer en onderliggende potensiaal te ontgin. Hierdie werkswinkel sal deur ons nuwe langtermynvrywilliger, Timon Schatz, gekoördineer word. Na sy opleiding deur die nieregeringsorganisasie ORT SA Cape Education sal hy die robotikaprogram vir 15 maande lank aanbied. Enige plaaslike vrywilligers wat belangstel om Timon te ondersteun, kan ons programbestuurder, dr Bernard Rhodes, kontak by [rhodesb@sun.ac.za](mailto:rhodesb@sun.ac.za). **PP**



Gemaak deur kinders tydens die Bou dit-werkswinkel







Lalie Beneke, bibliotekaris in Paternoster se munisipale biblioteek, lees vir die kleintjies van die crèche voor.

“ Die biblioteek is ’n gesellige ruimte vir lees en studeer, sowel as vir ontspanning.”



# Nuwe hoofstukke vir Storiehoek

DEUR JOAN KRUGER

**N**óg opwindende nuwe hoofstukke in die verhaal van Storiehoek, die leesprogram van die Paternoster Project NPC, is vanjaar reeds geskryf.

Elke Donderdagmiddag kom boekeliefhebbers saam by Hoopsig, die kinders se middagtuiste, met die doel om leeslus by die jonges aan te wakker. Stap so van vertrek tot vertrek, en jy hoor hoe die studente- en plaaslike vrywilligers vir groepies kinders stories voorlees, of hoe ouer kinders beurte maak om te lees. In stiller hoekies sit dié wat op hul eentjie wil lees. Vir tieners is daar ’n eie leeskamer waar hulle onder toesig boeke wat hulle self gekies het kan lees.

Al die vrywilligers is baie bewus van die tragiese feit dat baie Suid-Afrikaanse skoolkinders funksioneel ongeletterd is.\* Maar ons gee nie leeslesse nie; ons deel ons liefde vir lees en boeke met die kinders.

Nie al die kinders wat deel vorm van die middagprogram is lief vir lees nie. Ook nie almal kan ewe goed lees nie. Ons probeer vir elkeen voorsiening maak met die soort boeke wat ons kies. Geïllustreerde boeke oor byvoorbeeld motors, humoristiese gediggies, tydskrifte, strokiesverhale – selfs Brolloks en Bittergal – het al weerstand afgebreek en tot besprekings gelei. En as mens sit en brei of teken, kan jy mos luister ook!

Donderdae is wel die amptelike Storiehoektyd wanneer die kinders in groepies onder leiding sit en lees – maar dis niks ongewoons dat daar ook dwarsdeur die week, as daar ’n kansie kom, ’n spontane leesgroepie rondom een van die studentevrywilligers vorm nie.

Lalie Beneke (Paternoster se nuwe dorpsbibliotekaris) het onlangs ’n belangrike hoofstuk tot Storiehoek bygevoeg toe sy deel geword het van die agt Storiehoektannies en een -oom. Sy bring nie net stapels boeke vir voorlees nie, maar maak die biblioteek ’n gesellige ruimte vir lees en studeer, sowel as vir ontspanning. Die afgelope wintervakansie kon oud en jonk daar voor ’n kaggelvuur sit en lees, skaak speel of legkaarte bou. Ook die kleintjies van die crèche kom soggens biblioteek toe om na stories te luister.

Boekeliefhebbers vind mekaar altyd, en ook die tannies wat elke dag vir die kinders kook het nou hul eie informele Storieboekboks: ’n houerskenkingsboek wat in Hoopsig gehou word en waaruit hulle boeke kies en onder mekaar uitruil.

Met die tempo waarteen gelees word, het Storiehoek se eie biblioteek ook kort-kort nuwe boeke nodig. Danksy skenkings van plaaslike boekeliefhebbers, uitgewerye, boekwinkels en ook van die Paternoster Project NPC, kon ons daarin slaag om ’n eie klein biblioteek op te bou. Maar ’n volhoubare bron van inkomste is nodig sodat ons met oorleg nuwe boeke kan koop wat by die kinders se behoeftes pas.

Die antwoord hierop: ’n verjaardagkalender met Adrian Venter se verruklike foto’s van Paternoster. Adrian het hierdie foto’s kosteloos aan die Paternoster Project NPC beskikbaar gestel en die inkomste uit die kalender sal vir die aankoop van boeke gebruik word. Met elke kalender wat verkoop word, word Storiehoek ’n boek ryker.

So help ons ons kinders om die volgende hoofstuk in hul eie lewens te skryf. **PP**

\* Agt uit tien Suid-Afrikaanse graad 4-leerlinge kan nie met begrip in enige taal lees nie. – Progress in International Reading Literacy Study. [PIRLS 2016]





All proceeds will go towards the PATERNOSTER PROJECT NPC'S literacy initiative

# Birthday CALENDAR

PATERNOSTER, SOUTH AFRICA

PATERNOSTER PROJECT NPC

January

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20	21	22	23	24	25	26	27	28	29	30	31
---	---	---	---	---	---	---	---	---	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----

February

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20	21	22	23	24	25	26	27	28	29
---	---	---	---	---	---	---	---	---	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----

March

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20	21	22	23	24	25	26	27	28	29	30	31
---	---	---	---	---	---	---	---	---	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----	----

**D**ie Paternoster-verjaarsdagkalender: 'n bedagsame geskenk wat dit vir ons moontlik sal maak om boeke vir ons Storiehoek-biblioteek aan te koop. Die kalender is te koop teen R125 by Voorstrandt Restaurant, Jêrn & Pantoffels en Cathy's Café.






Eerste huis vir kinders danksy Paternoster Vissery



Oorspronklike skeepshouer by St Augustine's Primêre Skool



Tweede huis vir kinders danksy Paternoster Vissery



Planne vir toekomstige huis vir kinders

**“Paternoster Project NPC se doelstelling bly: ‘Om ’n veilige ruimte vir die ontwikkeling van die kinders en jeug van Paternoster te skep’.** ”



“ Ons het ’n droom om ’n nuwe huis te bou wat tot 180 kinders kan akkommodeer.”

## Van skeepshouer tot dorpie

**D**it het alles in Oktober 2016 by St Augustine’s Primêre Skool op Paternoster begin. Vier Duitse vrywilligers het daar opgedaag met boeke, bordspeletjies en sporttoerusting, en ’n ou skeepshouer het as stoorplek vir hulle toerusting, sowel as hulle basis, gedien.

Aangesien lees ’n kernvaardigheid is wat ons graag vir kinders wou leer, is die skeepshouer ook vir Storiehoek gebruik. Met behulp van projekondersteuners – veral Paternoster Vissery – het ons ’n aangename, huislike omgewing vir die kinders probeer skep. Ons het die dak en vensters herstel, die skeepshouer gevef en die binnekant met groot, kleurvolle kussings uitgerus om ontspanning en lees aan te moedig.

Twee jaar later het Paternoster Vissery vir ons ’n nuwe huis – huurgeld pasella – gegee waar die namiddagaktiwiteit aangebied kon word. Dit het nog meer kinders gelok – die getalle het van 40 tot 70 gegroei, met agt vrywilligers om te help.

Hierdie huis het egter vinnig te klein geword en in Maart 2019 het die namiddagprogram na ’n nog groter huis verskuif, weer danksy Paternoster Vissery. Hierdie bekoorlike ou huis, genaamd Hoopsig, het baie spasie en ’n groot erf met plek vir ’n groentetuin.

Die doelstelling van die Paternoster Project NPC bly dieselfde: “Om ’n veilige ruimte vir die ontwikkeling van die kinders en jeug van Paternoster te skep”. Maar wat beteken dit vir 2020? Ons het ’n droom om ’n nuwe huis te bou wat tot 180 kinders sal kan akkommodeer. Dit sou ideaal wees indien die huis deur sportvelde omgrens word, sodat die aktiwiteite daarheen kan skuif. ’n Kombuis kan by die Paternoster-tuin gevoeg en geleidelik ontwikkel word. Storiehoek kan sy eie ruimte kry, met verskillende speelareas en genoeg plek om die lewensvaardigheidsaktiwiteite aan te bied. Dit sal voorwaar ’n dorpie vir kinders kan wees.

Kom ons begin en maak hierdie droom ’n werklikheid. Deur hierdie gesprek by die komende Paternoster Project Konferensie te begin, sal ’n uitstekende vertrekpunt wees. **PP**

## Cathy’s Café open binnekort

**C**athy’s Café, gebou as deel van die Vrywilligershuis, is vernoem na Cathy Kwiatkowski, ’n geliefde Duitse langtermynvrywilliger wat verlede jaar in ’n motorongeluk naby Vredenburg oorlede is. Ingrid Steenkamp, Paternoster Xpress se eienaar, sal die kafee bestuur wat laat in Oktober of vroeg in November 2019 sal open.

“Daar sal iets vir elkeen wees en almal is welkom – plaaslike inwoners én toeriste,” sê Ingrid. “Ons gaan lekker huiskos bedien – ligte etes, toebroodjies en ontbyte – en ook iets wat jy op pad strand toe kan gryp en eet.” Die fokus gaan wees op ongekompliseerde, gehalte trooskos. Waar moontlik, sal die spyskaart in ag neem wat ander ondernemings in die area bedien. ’n “Maaltyd van die dag” kan dalk bedien word, asook tuisgemaakte gelato gedurende die somermaande.

Dis vir ons belangrik dat slegs plaaslike inwoners by Cathy’s Café in diens gestel word. “Elkeen wat hier werk moet verdienstelik en entoesiasties wees, en bewys dat hulle bereid is om hard te werk. Daar is baie mense op Paternoster wat geskik sal wees, hard wil werk en ondervinding wil opdoen. Ek dink dis moontlik om verskeie poste te skep, sommige ook deelyds,” sê Ingrid.

Cathy’s Café het plek vir tot 24 mense en sal bedags oop wees vir ontbyt en middagete. Die kafee kan ook vir klein dagfunksies uitgehuur word. “Ek wil hê Cathy’s Café moet warm en gesellig, verwelkomend, ontspanne, pret en effe *quirky* wees, net soos Paternoster,” glimlag Ingrid.



Ingrid en Sascha

In ’n neutedop? Sy sê die kafee sal ’n gemaklike plek met goeie kos wees, waar

mense uit die gemeenskap bemagtig word deur nuwe vaardighede aan te leer, soos kliëntediens en besigheidsbestuur. Die huurinkomste uit die winkel sal gebruik word vir die huis se instandhouding en om die Paternoster Project NPC se fondse aan te vul.

“Ek het ’n passie hiervoor: ek sien die potensiaal en verstaan die visie,” sê Ingrid. “Ek wil regtig ’n sukses daarvan maak, en as ek kan help om dit so op te stel dat dit werk skep én plaaslike mense inspireer, sal dit my baie gelukkig maak.” **PP**

*Cathy's*  
CAFÉ

# Projekdeelname – die kinders het jou nodig!

'n Kragtige stelling is by die laaste Paternoster Project Konferensie in Oktober 2018 gemaak: Dit is noodsaaklik vir kinders, ouers en belanghebbendes om aan die projek deel te neem ten einde dit volhoubaar te maak. Dit beteken spanwerk en raadpleging is nodig om gesamentlike doelstellings en besluitneming moontlik te maak – en die Paternoster Project Konferensie bied geleentheid hiervoor.

Die gemeenskaplike doelstelling van die Paternoster-gemeenskap sou ideaal gesproke ooreenstem met dié van die Paternoster Project NPC, naamlik om die jeug vir die toekoms toe te rus en die plaaslike erfenis te onderhou. Om hierdie doelstelling te bereik, is dit belangrik dat die hele gemeenskap ingesluit word, veral die ouers en tannies van die gemeenskap met hulle vernuf en ervaring.

Die getal kinders wat na die huis vir kinders kom, groei vinnig. Gedurende die wintervakansie het 105 kinders deelgeneem – te veel vir net agt vrywilligers om te hanteer. Ons sal egter nooit 'n kind wegwys nie, daarom benodig ons in die middag die ondersteuning van die Paternoster-gemeenskap.

Ons vertel julle graag van 'n paar inisiatiewe wat die kinders se lewens positief beïnvloed.

## DIE KOSTANNIES

Toe die kosskenkings vir die namiddagprogram in Desember 2018 opgedroog het, het ses tannies dadelik ingespring om te help. In spanne van twee kook hulle met liefde en passie vir die kinders, van Maandag tot Vrydag. Die huidige kostannies is Muriel Jason, Joleen Coraizin, Elisabeth Jacobs, Juliana Clarke, Sally Kuinders en Evalyn Sampson, wat almal help om die huis vir kinders in 'n tuiste te omskep.

## REFLEKSIEWERKSWINKELS MET DUSTIN CORAIZIN

Dustin het in Paternoster grootgeword en is tans besig met sy meestersgraad in Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch. Hy was van die begin af by die projek betrokke en het elke kwartaal op 'n Saterdagoggend vir die Duitse vrywilligers 'n kursus aangebied sodat hulle die kultuur en lewensbestaan van Paternoster beter kon verstaan.

## HUISWERK IN AFRIKAANS

Die Suid-Afrikaanse vrywilligers – Michaela, Anslyn en Candice – is Afrikaans, en daarom kan hulle die kinders in hulle huistaal met huiswerk help. Die vrywilligers is deur dr Jerome Joorst en dr Bernard Rhodes van die Universiteit Stellenbosch gekeur en sal tot in Oktober op Paternoster woon.

## JUNIOR-VRYWILLIGER ALVIRO

Alviro is op hoërskool in Vredenburg en werk in die middag as vrywilliger by die namiddagprogram. Hy word deur die ander vrywilligers opgelei en ondersteun en neem deurlopend meer verantwoordelikhede aan.







René Victor was skottelgoed.

## WERKSWINKEL VIR MA'S

Hierdie werkswinkel is aangebied vir ma's en voogde van kinders wat aan die namiddagprogram deelneem. Die doelwitte was: 'n groter verbintenis tot die program; groter betrokkenheid deur en besluitneming saam met ouers en voogde; om die behoeftes van ouers en voogde vir hulle kinders in die program voorop te stel; samewerking om die kinders tydens die program en tuis optimaal te ondersteun; en beter ondersteuning van ouers en voogde deur die program.

Deelnemers het onderneem om by die program betrokke te raak, en die volgende ma's help in die middag: René Victor, wat die kombuis en badkamer skoonmaak en die kinders se kos opskep; Esmeralda Coraizin, wat ook help met skoonmaak en kos opskep, maar spesifiek fokus op dissipline tydens etenstye; en Candice Kuinders, wat in die kombuis help en kos opskep, maar tans op kraamverlof is. **PP**

## Ter nagedagtenis aan “Milkshake Mike”

**A**lmal op Paternoster het Mike Smuts as “Milkshake Mike” geken. Hy het die heerlikste melkskommels in die hoofstraat verkoop en was almal se vriend. Ons sal sy goedhartigheid, oop hand en ondersteuning van die vrywilligers altyd onthou.

Op sy vriendelike en beskeie manier het Mike 'n positiewe invloed op talle lewens gehad. Hy het die vrywilligers se name geken selfs nog voor hulle op Paternoster aangekom het. Hy het die plaaslike vrywilligers gereeld gevra of hulle iets nodig het en of hy met iets kon help. Net so het die nuwe vrywilligers van Mike geweet lank voor hulle aankoms op Paternoster. Sy melkskommels was legendaries – van Paternoster tot in verre Stuttgart.

Om nuwe vrywilligers op Paternoster te verwelkom, het Mike hulle Tietiesbaai toe gevat om die sonsondergang te bewonder, want hulle karretjie sou gesukkel het op die grondpad. Mike het ook die hele span vrywilligers op 'n uitstappie na Trekoskraal geneem, waarvandaan hulle strandlangs teruggestap het Paternoster toe – dis maar net een van talle ondervindings wat hy so stilweg vir hulle gereël het. Sy missie was om die vrywilligers – wat almal ver van die huis af was – welkom en deel van Paternoster te laat voel. En dit het hy onbaatsugtig en stil-stil reggekry.



Mike saam met die vrywilligers wat in die laaste kwartaal van 2018 op Paternoster was



In liefdevolle herinnering aan Mike het sy vrou, Gail Smuts, die Paternoster Project NPC bly ondersteun deur die vrywilligers se oranje T-hemde te borg. The T-hemde is bedruk met een van Mike se sêgoed: “Don't catch a cold, kiddos!” Ons innige dank aan Gail en die Smuts-familie vir hierdie bedagsame bydrae. **PP**





## Tuinplesier

**T**wee midde per week versorg Paternoster se kinders hulle nuwe kostuim by Hoopsig en wag hulle geduldig dat die kruie en groente moet groei. Die projek het eers vroeg in die winter op dreef gekom, maar die kinders kon reeds van die groente eet en is nou nog méér entoesiasies.

Omdat die grond so hard en arm was, het die kinders eers met die hulp van kenners en vrywilligers slaai, kruie, wortels en radyse in losstaande planthouers geplant. Die ou bome en priële in die tuin is gesnoei en gevoed en sal seker hierdie seisoen suurremoene, koejawels, piesangs en druiwe dra.

Sascha Tünnissen, vrywilliger en direksielid van die Paternoster Project NPC, het saam met Brakkie Bester, die pa van een van die kinders in die program, 'n deel van die tuin skoongemaak en voorberei. Vrywilliger Giulia het saam met Dave Westbrook die mis wat hy geskenk het, ingewerk. Die plantkenner Hedwig Slabig het gehelp met die beplanning en aanplanting van die tuin. Eers is die saailinge in die planthouers geplant. Hedwig woon reeds meer as 25 jaar op Paternoster en is lankal betrokke by die plaaslike gemeenskap. Sy is ook 'n bestuurslid van die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika. Vrywilligers Lydia en Muriel het 'n naweek opgeoffer om paadjies in die tuin te bou. Tuinier Jeff Kruger het gehelp met die uithaal van onkruid en instandhouding van die tuin. Magda van Lill gaan help om die tuin te bestuur en sal binnekort die kinders leer hoe om kompos te maak.

Die tuin is eerstens gevestig sodat kinders kan leer hoe kos gekweek word – dat dit nie uit 'n pakkie of die supermark kom nie. Tweedens is die doel dat die tuin eendag sal bydra tot die daaglikse middagetes wat deur die plaaslike tannies vir die kinders voorberei word. Die tuinprojek kan die kinders selfs leer hoe om 'n sakeonderneming te bedryf. En miskien kan hulle eendag aan Cathy's Café kruie verkoop of daar kan kookklasse aangebied word met produkte wat uit die tuin kom.

Hedwig sê die tuin het 'n positiewe invloed op die 10 tot 12 kinders wat deel is van die projek. “Skaam kinders glimlag en gesels en geniet dit om in die tuin te werk,” sê sy, “en die feit dat hulle entoesiasies is en telkens weer kom, is 'n goeie teken.” Die vestiging van die tuin was nie sonder uitdagings nie, maar Hedwig sê sy het nooit moed verloor nie. “Ons moes eksperimenteer, maar dis die enigste manier hoe ons kon vasstel wat werk en wat nie, sodat ons die probleme in die proses kon verstaan vir volgende keer.”







Hedwig werk saam met die kinders in die tuin.



Sascha hard aan die werk in die tuin

Sy sê haar bedoeling met die projek is om die kinders 'n begrip en waardering te gee vir waar kos vandaan kom, en vir die proses van kos kweek. Tuinmaak lei ook tot ander interessante gesprekke, soos die beheer van plae sonder om skadelose insekte dood te maak, voedselsekuriteit en gesonde eetgewoontes. "Tuinmaak is 'n vreemde konsep vir die meeste van die kinders en hulle verwag vinnig resultate; daarom moet hulle leer om geduldig en fluks te wees."

Volgens Hedwig meet sy die sukses van die projek aan "die kinders se gelukkige gesiggies en dat hulle onthou wat hulle geleer het. Die kinders is fantasties en 'n paar van hulle werk baie hard. Ons het nie geweet waartoe die kinders in staat is nie, maar hulle kan baie meer doen as wat ons gedink het. Ons het reeds 'n slaai gemaak met die produkte wat ons gekweek het en al die kinders het daarvan geëet. Ons plant nou nog vrugte, insluitend Kaapse appelliefies."

Hedwig wys egter daarop dat die kinders nie al die werk in die tuin kan doen nie. "Ek leer die kinders hoe om te plant. Ek en Magda werk lekker saam en ek waardeer haar baie, maar tuinmaak op groot skaal is nie haalbaar nie, want die grond is net vir twee jaar beskikbaar en die tuin sal in die somer baie water nodig hê." Hedwig sê dis haar wens dat ouers en grootouders ook by die tuin betrokke sal raak. "Dit sal wonderlik wees," sê sy. **PP**





PATERNOSTER  
*Crayfish*  
WHARF

*Sedert September 2018*

Crayfish Wharf bied oorspronklike kuns,  
heerlike maaltye, handgemaakte geskenke  
en die beste uitsigte in Paternoster.



*Besoek ons vir ware weskus-gasvryheid!*



ONS IS OP DIE HOEK VAN ST AUGUSTINEWEG EN  
KREEFTSTRAAT GELEË; STRAATPARKERING IS BESKIKBAAR.

*Besoek ons webwerf:*  
CRAYFISHWHARF.CO.ZA

*Kontak ons op Facebook:*  
PATERNOSTER.CRAYFISH.WHARF

  
PATERNOSTER



# Ontmoet vir Dustin Coraizin

Dustin is 'n lojale ondersteuner van Paternoster Project en gaan binnekort meer betrokke raak by die projek.

## Vertel my 'n bietjie meer van jouself.

**DC:** Ek is 27 jaar oud en is op 'n reënerige dag in Julie 1992 op Vredenburg gebore. Ek het saam met my suster, Aniska, by my ma, Esmerelda, in Paternoster se gemeenskap van sterk vroue grootgeword. Dis waar dat 'n hele dorpie nodig is om 'n kind groot te maak. My vasberadenheid en positiewe dryfkrag kom van my ma – 'n harde werker wat ons geleer het om dinge te waardeer. Ek wou nog altyd graag met die jeug werk en hulle leer om die beste te word wat hulle kan wees. Ek was dankbaar toe ek my BA (cum laude) en honneurs in Opvoedkunde behaal het.

## Hoe het jy by Paternoster Project betrokke geraak?

**DC:** My ma en niggie was by die projek betrokke. Tydens vakansies op Paternoster het my niggie met baie opgewondenheid oor die projek gepraat. Sy het prente van die vrywilligers geteken en ek moes die nuusbriewe hardop vir haar voorlees – soms meer as drie keer!

## Vertel my van jou rol in die projek.

**DC:** Dis nog redelik vloeibaar, want ek reis heen en weer tussen Stellenbosch en Paternoster. Ek help met SWOT-analises vir Paternoster en strategieë om uitdagings te oorkom.

## Wat is die grootste uitdagings wat die kinders ervaar?

**DC:** Hulle het nogal 'n negatiewe omgewing weens afwesige ouers en te min positiewe invloede. Daar is nie gesonde rolmodelle nie en ongelukkig ondersteun hulle ouers en portuurgroep hulle verkeerde gedrag.

## Hoe kan die projek 'n alternatief te skep vir misdaad en alkohol- en dwelmgebruik onder die dorp se kinders?

**DC:** Die probleem is dat die gemeenskap verdeeld is: die ouers wil nie erken dat hulle kinders leiding nodig het wanneer hulle verkeerde dinge doen nie. In Paternoster het ons jong werklose mense wat bedags slaap en snags misdade pleeg. Dis 'n groot bekommernis. Baie kinders gebruik alkohol en dwelms omdat dit maklik bekombaar is. Die projek bied 'n veilige hawe vir kinders en tieners en help om hoop te skep deur vir hulle te wys waartoe hulle in staat is as hulle gefokus bly en hard werk. Die projek hou die kinders ook aktief besig – weg van die strate en van slegte gewoontes af.

## Wat wil jy bereik deur jou betrokkenheid by die projek?

**DC:** Ouers en kinders moet 'n kopskuif maak weg van klein denke na groter ontwikkelingsdoelwitte. Ouers moet met mekaar praat oor hoe om hulle kinders te ontwikkel, en tekortkominge moet geïdentifiseer en hanteer word sodat elke kind sukses kan behaal. Die program moet 'n vorm van herontdekking en bewustheid van groter moontlikhede vir ons kinders wees. Een van my belangrike doelwitte is om te sorg dat kinders erkenning kry waar dit gepas is, en leiding waar nodig. Die program moet ook vir kinders eiewaarde leer sodat hulle dink voor hulle iets doen. Hulle het net leiding nodig – iemand wat in hulle glo en wat vir hulle sê as hulle verkeerd optree, en vir hulle oplossings gee vir struikelblokke.



Dustin Coraizin

FOTO: ANTONIO PASQUALLE / PASQUAL PHOTOGRAPHY

## Watter invloed het die projek op die kinders en die gemeenskap?

**DC:** Van die begin af het die projek 'n positiewe invloed gehad. Kinders sien uit na iets produktief na skool – nie net 'n ete en 'n veilige plek nie, maar ook stimulerende en die ontdekking van nuwe dinge. Hulle leer van die Duitse kultuur en geniet opvoedkundige aktiwiteite en uitstappies wat hulle trots maak. Hulle praat nou Engels met selfvertroue en leer ook Duits praat.

## Wat moet mense weet voordat hulle Paternoster toe kom?

**DC:** Die dorp is 'n unieke plek met daaglikse uitdagings en 'n behoefte aan leiding. Mense moet maklik kan aanpas by verandering en moet positiewe denkers wees. Hulle moet kom met 'n innoverende ingesteldheid om by te dra tot die groei en sukses van ons kinders – selfs al is dit net deur met die kinders te gesels, te speel en saam te lag. Kinders hou van aandag.

## Is daar nog iets wat jy wil byvoeg?

**DC:** Die projek fokus nie net op die kinders van Paternoster nie, maar ook op die ouers, grootouers en wettige voogde. Dit is wonderlik om te hoor hoe positief die meeste gesinne oor die projek is. **PP**

*Om die volledige onderhoud met Dustin te lees, besoek [www.paternosterproject.co.za](http://www.paternosterproject.co.za).*



Almal het die opleiding in kinderkinetika terdeë geniet.



Die dag vir onderwysersopleiding in kinderkinetika was 'n groot sukses en ook baie genotvol.

## Kinderkinetika is 'n grondslag vir lewensvaardighede

**P**aternoster se crèche-kinders het pret en verbeter terselfdertyd hulle grootmotoriese vaardighede. Op Saterdag 3 Augustus het dr Eileen Africa van die Departement Sportwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch 'n kinderkinetika-opleidingsdag vir Paternoster se crèche-onderwysers aangebied – en die kinders het ook 'n kans gekry om die oefeninge prakties uit te voer.

Dr Africa, bygestaan deur Nicky de Villiers – vroeër 'n vrywilliger by Paternoster Project en 'n voormalige meestersgraadstudent in kinderkinetika by die Departement Sportwetenskap – het saam met 'n paar ander gekwalifiseerde kinderkinetici ses crèche-onderwysers opgelei in die aktiwiteite wat grootmotoriese vaardighede in kinders ontwikkel. Goed ontwikkelde grootmotoriese vaardighede, soos balansering, vang en klim, is nodig vir die ontwikkeling van fynmotoriese vaardighede, soos skryf, naaldwerk, die gebruik van eetgerei en die oopmaak van houers. Hierdie vaardighede verbeter gefokusde leer, wat die grondslag vir 'n blinker toekoms is.

“Dis makliker om 'n stewige grondslag te vestig as daar vroeër intervensie plaasvind,” verduidelik Nicky. “Kinders kan nog gevorm word as hulle jonk is. Paternoster se kinders het hulp nodig sodat hulle optimaal kan ontwikkel.

“My crèche-projek was om kinderkinetika bekend te stel. Dit het bestaan uit bewegingsessies elke oggend waar kinders aangemoedig is om te beweeg en hulle omgewing te verken, om grootmotoriese ontwikkelingsmylpale te bereik sodat 'n stewige grondslag vir verdere grootmotoriese vaardighede gelê word, en om basiese skoolkonsepte deur beweging te leer.”

Toe Nicky egter haar ses maande as vrywilliger in Junie vanjaar voltooi, was daar niemand om by haar oor te neem nie. Dit het sin gemaak om die crèche-onderwysers basiese opleiding in kinderkinetika te gee en dr Africa en haar span het goedgegunstiglik hulle tyd en kundigheid beskikbaar gestel.

Dr Africa verduidelik dat kinderkinetika fokus op die ontwikkeling van grootmotoriese vaardighede by kinders vanaf geboorte tot 13 jaar. “Elke kind het kinderkinetika nodig omdat dit op ontwikkeling fokus. Ons werk ook met kinders wat agterstande het sodat hulle hul portuurgroep kan inhaal. Ons begin met basiese aktiwiteite by die crèche sodat kinders hulle ontwikkelingsmylpale kan bereik. Dit is belangrik dat kinders hardloop en bal skop – hulle moet eerder buite speel as wat hulle binne sit en TV kyk en op selfone speel. Kinders is veronderstel om te beweeg en nie vir lang tye stil te sit nie.”

Volgens dr Africa moet kinders soveel moontlik tyd daaraan spandeer om hulle omgewing te verken en te leer deur beweging – ten minste 'n uur se fisieke aktiwiteit elke dag. “Beweging laat kinders toe om te leer deur te probeer en te fouteer. Dit lê 'n sterk grondslag vir 'n gesonde, aktiewe leefstyl. Fisieke aktiwiteite het ook 'n positiewe invloed op begrip, gemoedstemming, aandagspan en akademiese prestasie – en dit help met nieverbale kommunikasie. Deur beweging maak ons kontak met ander

“Elke kind het kinderkinetika nodig omdat dit op ontwikkeling fokus. Ons werk ook met kinders met agterstande sodat hulle kan inhaal.”







Onderwysers word opgelei in kinderkinetika.



mense, want dit bevorder sosiale ontwikkeling. Laat kinders daarom saam speel, hardloop, spring, hop, touspring en bal skop.”

’n Kind het 200 tot 600 minute nodig om ’n vaardigheid aan te leer. Dit gaan alles oor inoefening, wat beteken dat kinderkinetika ’n daaglikse oefening vir onderwysers en kinders moet wees. Die onderwysers is eers opgelei en daarna moes die kinders die oefeninge prakties uitvoer. Dr Africa het vir die onderwysers ’n boekie met aktiwiteite asook idees vir alternatiewe toerusting gegee, wat dit vir hulle maklik sal maak om hierdie daaglikse roetine te implementeer. ’n Boks bordkryt en ’n paar klippe is al wat nodig is vir party van die aktiwiteite; geen spesiale toerusting word benodig nie. Dit sal goed wees om die kinders se vordering te monitor en dr Africa stel voor dat vrywilligers kan help om vorderingsverslae op te stel.

“As kinders nie op ’n vroeë ouderdom grootmotoriese vaardighede aanleer nie, kan hulle sosiaal en op skool swaarkry; daarom is kinderkinetika regtig belangrik. Ek het werklik die dag geniet. Dit was positief en interaktief en het ook my oë oopgemaak,” sê dr Africa.

Rachel Cloete, hoof van die crèche, sê die opleidingsdag was baie genotvol. “Dr Africa het ons almal ingesluit en ons het baie geleer. Ons wil dit elke dag doen nadat die kinders soggens hulle pap geëet het, maar ons

moet nog ons toerusting regkry. Gewoonlik kon die kinders nie wag vir Nicky om die kinderkinetika te kom aanbied nie. Noudat ons die basiese opleiding het, kan ons dit self vir ons kinders doen.”

Rachel meen dat een opleidingsessie vir die onderwysers genoeg was en dat almal dit goed verstaan het. “Ons het ook geleer daar is nie iets soos ‘kan nie,’” voeg Rachel by. “Ek het regtig baie geleer en ons almal het dit geniet – en al die kinders geniet kinderkinetika. Baie dankie aan dr Africa en haar span dat hulle hul naweek opgeoffer het om ons te kom leer. Ek waardeer dit opreg en sê ook dankie aan Maike wat die opleiding gereël het.”

Halfpad deur die opleiding het almal ’n heerlike middagete van lasagne en ’n groenslaai geniet wat deur ’n vrywilligerkok, tannie Annie Clarke, voorberei is. Dit het almal ’n hupstoot gegee vir die middagessie. **PP**



## Jolyt met kunsvlyt

“**E**k het kunsvlyt as deel van die projek se werkwinkels aangebied. Ek sou graag wou vertel hoe ek die afgelope 12 weke ’n wonderlike strategie uitgewerk het om die kinders in stille afwagting te laat sit sodat ek individueel aangepaste, optimaal voorbereide kunslesse met ’n praktiese komponent kon aanbied. Maar dan sou ek jok. Eintlik het ek te midde van die chaos van verbesmeerde hande en klere geleer om nie paniekbevange weg te hol nie, maar om eerder te lag en alles te aanvaar wat ek gewoonlik desperaat sou probeer verhoed het sodat ek nie van stres uitbrand nie. Die kinders het vet pret, dis duidelik, maar dis moeilik om so ’n situasie te hanteer as jy selfs net effens puntenerig is.

“Die kinders geniet dit om snaaks aan te trek en grimering te dra. Ek kan jou verseker dat die graad 7-“gangsters” met pienk hooftooisels en Harry Potter-brille voor jou gaan kom staan en ’n selfie sal wil neem terwyl hulle tong uitsteek. Met al die verskillende take wat die kinders voltooi het, het ons ook baie geleer van hulle idees oor skoonheid en rolmodelle.”

*Soos vertel deur Katharina Kapp, onderwysstudent van die Universiteit van Heidelberg, Duitsland*



Die kinders tooi hulself op.



**Die boom** is ’n simbool van krag. Die kinders se handafdrukke simboliseer die groter prentjie en wys dat ons saam sterk is.



**Die boot** was ons eerste projek en integreer die projek met Paternoster. Die kinders het hulleself voorgestel as lede van die bemanning. As die boot se bemanning – van kinders en vrywilligers – vaar ons almal saam na dieselfde doel.





## Sport vir almal

**D**ie eerste sportbyeenkoms van die Paternoster Project NPC, in samewerking met die Departement Sportwetenskap van die Universiteit Stellenbosch, het op 15 en 16 Maart plaasgevind. Drie professore en tien studente het vir die naweek Paternoster toe gekom. Dr Wilbur Kraak het in die vergadersaal van die Paternoster-hotel aan 12 rugbyspelers van Paternoster opleiding gegee in A-vlak-rugbyafrigting.

Sportgeleenthede het op verskillende plekke in Paternoster plaasgevind, onder andere op die strand, in die gemeenskapsaal en op die rugbyveld. 'n Pretgeleentheid vir gesinne is ook in die gemeenskapsaal aangebied waar kinders, ma's en studente saam aërobiese oefeninge gedoen het.

Dr Kraak en die studente was baie tevrede en opgewonde oor die vlak van belangstelling en deelname van Paternoster se mense. Dit was die eerste byeenkoms van hierdie aard en daar sal in die laaste kwartaal van 2019 weer een gehou word. Daarna sal dit elke kwartaal plaasvind. **PP**

**“Sportgeleenthede het op verskillende plekke in Paternoster plaasgevind, onder andere op die strand, in die gemeenskapsaal en op die rugbyveld.”**





## Van die Weskus na Kirstenbosch

DEUR JOAN KRUGER

**K**irstenbosch Nasionale Botaniese Tuin. Die plek waar jy moet hande vat om 'n yslike boomstam te kan omhels. Die plek waar dinosaurusse agter oeroue broodbome uitloer. En waar jy op die “Boomslang” hoog tussen die boomtoppe kan loop.

Dis dié paradys wat vanjaar vir 'n dag deel geword het van ons kinders se lewens, danksy 'n borgskap van prof. Arnold van Zyl, president van die Koöperatiewe Universiteit van Baden-Württemberg in Duitsland.

“Ons Weskuskinders moet ook die land se mooi bome leer ken,” het hierdie natuurliefhebber by die vorige internasionale konferensie van die Paternoster Project NPC in Oktober 2018 besluit. Hy het dadelik daad by die woord gevoeg deur busvervoer Kirstenbosch toe te borg.

Die uitstappie was nie net vir pret en plesier nie. Dit moes ook opvoedkundig wees. Die Kirstenbosch-tak van die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika was van die begin af gretig om dit vir die kinders 'n onvergeetlike dag te maak. Hulle het die groep se toegang tot die tuin geborg en vier van hul voorste gidse – Cathy Jenkins, Dot Malan, Carol Cornell en Hannie van Wieringen – het aangebied om die kinders kosteloos deur die tuin te begelei.

Om vir die besoek voor te berei, het die Botaniese Vereniging vir Storiehoek 'n stapel werkboeke en plakkaat oor fynbos gegee. Met ander skenkersgeld het ons nóg boeke met ekologiese temas aangeskaf.

Die opwinding was tasbaar toe die bus die groep vroegoggend op 20 Maart kom oplaai het: 45 kinders, reeds mooi in groepe verdeel, onder die sorg van studente- en plaaslike vrywilligers. Die Paternoster Project NPC het pragtige groen T-hemde laat druk en die vrywilligers het piekniekkos ingepak.

Die kinders het wel al foto's van Kirstenbosch gesien, maar niks kon hulle voorberei op die uitgestrektheid van die tuin, op Tafelberg wat bokant alles uittoon, die helder bergstrome en die enorme woudbome nie.

“Sjoe, Tannie, dis gróót!”

Al hul sintuine is geprikkel. Hulle moes stil luister na die voëls, fyn oplet na ligene op boomstamme en rotse, aan medisinale blare ruik en met hul vingers die Braille-geskrifte natrek. Die gidse het verduidelik waarom jong woudbome so mooi regop groei, en was ingenome toe 'n kind hul aandag op 'n piepklein sampioentjie langs die voetpad vestig.

Terwyl die woeligste kleingoed ná die piekniekete teen die groen grashellings afgerol het, het die gidse vir oulaas gesels met dié wat nog meer van plante en bome wou weet.

Dit lyk of daar reeds 'n paar opkomende plantkundiges in ons midde is! **PP**



“ Die uitstappie was nie net vir pret en plesier nie. Dit moes ook opvoedkundig wees.”





## Straatfiksheidsfasiliteit open in Oktober

**L**iggaamlike en geestelike welsyn is die grondslag vir positiewe ontwikkeling by kinders. Die kinders in die program kom direk van die skool af na Hoopsig, die kinders se huis, en leer in die middag lewensvaardighede aan deur lekker aktiwiteite te doen. Die kinders kry ook middagete wat deur vrywilligers uit die gemeenskap voorberei word.

Ons het opgelet dat hoewel baie kinders energiek is, hulle nie veel blootstelling aan sport en fisieke oefening kry nie. Gevolglik is hulle ongedissiplineerd en geneig om nogal aggressief op te tree in konfliktsituasies. Die Duitse stigting het koppe bymekaar gesit om hierdie probleem op te los en het gemeen 'n soort hindernisbaan, genoem *parkour*, kan dalk die situasie verbeter. *Parkour* werk met verskillende stukke toerusting wat geskik is vir klim, hang en swaai, maar maak ook voorsiening vir fiksheidsoefeninge, soos opstote en optrekke. Die *parkour*-fasiliteit sal op 'n area van ongeveer 150 m<sup>2</sup> langs Hoopsig opgerig word. Dit sal omhein word, toegangsbeheer sal vir veiligheid sorg, en 'n vrywilliger sal daar toesig hou.



Die Paternoster Project NPC sien uit na die installering van hierdie sportkonsep in samewerking met die Departement Sportwetenskap van die Universiteit Stellenbosch. *Parkour* is geskik vir mense van alle ouderdomme vanaf ses jaar en ouer.

Die nodige fondse vir die oprigting van die *parkour*-fasiliteit is bekom deur 'n skenking uit 'n fonds vir Duitse nuwingsgewende organisasies wat ontwikkelings- en samewerkingsprojekte ondersteun. Die opening van die fasiliteit word beplan vir die middag van 23 Oktober gedurende die 3e Paternoster Project Konferensie. Ons nooi julle uit om by ons aan te sluit. **PP**





# GOLWE VAN *verandering*

DEUR REBEKAH FUNK



**D**ie helderoranje baadjies van die Paternoster Project NPC se vrywilligers vorm 'n treffende kontras met die gedempte kleurpalet van hierdie dorpie aan die Weskus. Hier is amper al die geboue wit geverf, met net hier en daar die aksent van 'n blou deur of vensterluik, en omgewe deur die aardse skakerings van see, sand en lug.

Net soos hulle baadjies, staan die projek se studentevrywilligers uit in hierdie hegte gemeenskap. Hulle het hulleself bewys as 'n bron van positiewe verandering in Paternoster deur jongmense vir die toekoms toe te rus terwyl hulle verseker dat die plaaslike erfenis bewaar én waardeer word.

“Ons sien groot potensiaal in elke kind, ongeag hulle omstandighede. Ons wil hulle

'n stewige grondslag vir 'n gesonde en vervullende lewe gee,” verduidelik die projek se bestuurder, Maike Reinhardt.

“Ons probeer hierdie visie bereik deur ontwikkelingsamewerking – bemagtiging, mobilisering en integrering van plaaslike deelname in die eerste plek, en soveel moontlik daarvan.”

“Ons werk is gerig op sowat 250 kinders tussen die ouderdom van 4 en 15 van die Educare-sentrum en St Augustine’s Primêre Skool. Ons leer hulle belangrike lewensvaardighede wat geïdentifiseer is deur die ouers, die gemeenskap, ons vennote by die Universiteit Stellenbosch en die stigting.

In sy transformasiewerk glo die organisasie dat ontwikkeling van onder af moet begin. “Sonder Paternoster is niks vir Paternoster nie,” beklemtoon die plaaslike entrepreneur en voormalige skipper, André Kleynhans van Anker Bouers, wat baie van sy tyd en konstruksiekennis daaraan gewy het om die projek te laat slaag.

Die tannies maak kos, die ma’s lees en die plaaslike ondernemings skenk gratis arbeid, kos en boumateriaal. Van die begin af was daar volgehoue deelname en ondersteuning van die gemeenskap – en dis hulle vertroue in die projek wat die verskil maak.



## 'N GEDEELDE VISIE

Die Paternoster Project NPC, wat in 2016 gevestig is, het begin met 'n foonoproep tussen Christian Neuber, 'n Duitse uitgewer-filantroop, en 'n vriend by Paternoster Vissery. Christian het 'n wynplasia naby Stellenbosch besit en wou sy finansiële hulpbronne (en liefde vir geletterdheid) gebruik om minderbevoorregte kinders te help.

Christian en sy vrou, Katrin, het in 2015 toevallig op hierdie spesiale hoekie van die Wes-Kaap afgekom. Hulle is dadelik deur Paternoster se sjarne bekoor, maar het ook bewus geraak van die dringende probleme in die gemeenskap: hoë werkloosheid, alkoholisme en die verskanste marginalisering van die inheemse bevolking.

Paternoster se vernaamste industrieë – vissery en toerisme – was albei seisoenaal en dit het die lewensbestaan van inwoners en hulle gesinne beïnvloed. Dit was moeilik om 'n vaste inkomste te verdien; mense het nie geld gehad vir kos en hulle kinders se skoolgeld nie. Kinders het al hoe meer begin stokkiesdraai en party leerders het heeltemal opgehou skoolgaan. Onbewus van hulle eie potensiaal, was jong mense toenemend in die versoeking om hulle oor te gee aan drank, dwelms of klein misdade om die verveling hok te slaan.

Tog het die Neubers opgelet dat daar baie energie en plaaslike talent in Paternoster is om hierdie struikelblokke te oorkom. Hulle het bande met die gemeenskap begin smee en 'n gesamentlike span bekwame Duitsers en Suid-Afrikaners byeengebring wat hulle gedeelde visie kon verwesenlik.

## BOU VAARDIGHEDE – VIR 'N LEEFTYD

Dit is duidelik dat die mense hier omgee – en sommer baie – oor die toekoms van hulle pragtige dorp. Danksy die Paternoster Project NPC word hulle nou toegerus met die gereedskap en hulpbronne om hierdie toekoms te beskerm.

Die projek is regdeur die jaar aan die gang met die hulp van verskeie belanghebbers uit Duitsland en Suid-Afrika. Die grootste finansiële ondersteuning kom van Christian se Duitse stigting, *Kinder fördern – Zukunft stiften*, wat 'n verskeidenheid van aktiwiteite befonds: 'n naskoolse program met voedsame tuisvoorbereide etes, interessante weeklikse storietye, praktiese tuinmaaklesse, temagerigte vakansieklubs, ambisieuse bouprojekte en ouerskapsseminare, aangebied deur kundiges.

Hierdie pogings word versterk deur nuwe spanne vrywilligers vanaf die universiteite van Baden-Württemberg (Duitsland) en Stellenbosch (Suid-Afrika). Hulle kom na Paternoster om hulle tyd en akademiese kennis in 'n praktiese opset te kom deel. Die meeste bly drie maande, ander langer – die projek se huidige langtermynvrywilliger, Caro Zobel, woon reeds 15 maande op Paternoster en het 'n hegte band met lede van die gemeenskap gesmee. Die vrywilligers studeer (of het reeds gegradeer) in onderwys, terwyl ander spesialiseer in vroeë kinderontwikkeling, jeugwerk, musiek en teater, sportafrigting en kinderkinetika. Almal wil graag die kinders van Paternoster sien floreer.

'n Beduidende mylpaal? Vanjaar het die projek sy eerste “junior-vrywilliger” opgelei. Hy is 'n plaaslike hoërskoolleerder wat te oud geraak het vir die program, maar wat nogtans wou terugkeer om sy tyd te bestee aan 'n organisasie wat sy lewe verander het.



Van links: Christian (stigter en filantroop), André (bouer van die Vrywilligershuis), Maike (Paternoster Project NPC se bestuurder).



**“In sy transformasiewerk glo die organisasie dat ontwikkeling van onder af moet begin. ‘Sonder Paternoster is niks vir Paternoster nie.’ ”**

Caro Zobel, 'n langtermynvrywilliger van Duitsland, saam met junior-vrywilliger Alviro van Paternoster







**“ By Hoopsig, die nuwe huis vir kinders, kan die projek meer kinders van graad R tot graad 7 akkommodeer.”**

### 'N HUIS VAN HOOP

Een van die sleuteldoelwitte van die Paternoster Project NPC was nog altyd om 'n veilige ruimte vir kinders sowel as vrywilligers te skep – 'n plek waar hulle net hulleself kan wees en kan leer deur te speel.

Die namiddagprogram het gou te groot geraak vir die beperkte ruimte by die projek se aanvanklik tuiste, St Augustine's Primêre Skool. Vrywilligers het leiding gegee met sang- en danslesse; kuns en kunsvlyt; sport soos sokker, joga en rugby; briekdans; tegniese LEGO-uitdagings; en Duits vir beginners.

Vir sommige kinders was dit soos 'n hele nuwe wêreld wat oopgaan – hulle het begin leer dat hulle in sekere dinge uitblink; dat hulle potensiaal in die lewe meer belowend is as wat hulle gedink het. Die naskoolse program het 'n daaglikse hoogtepunt geword waar hulle kon vriende maak, versorg voel, en positiewe rolmodelle onder plaaslike en internasionale vrywilligers sien.

Welwetend dat hulle waardevolle werk slegs in 'n groter ruimte voortgesit sou kon word, het Paternoster Vissery vanaf 2018 tot 2020 'n venue in die middel van die dorp beskikbaar gestel. Hierdie huis vir kinders, Hoopsig, het beteken dat die projek meer kinders van graad R tot graad 7 kon akkommodeer.

As 'n mens daar instap, sien – en hoor – jy dadelik orals tekens van kinders: hulle rugsakke aan hakies teen die mure, kleurvolle handafdrukke en muurskilderye van vloer tot dak, en hulle uitroepe van plesier wanneer hulle mekaar buite op die speelgrond met sy visvangtema jaag.

In die kombuis is die “Goue Oues” (die tannies wat elke dag warm middagetes kook) druk besig om stomende potte kerrie en rys te maak volgens hulle oumas se resepte. Vir hulle is dit 'n plesier om hulle gemeenskap te dien deur kos te maak – 'n belangrike kulturele tradisie wat aan die nuwe generasie bekendgestel word.

Wanneer die kos klaar is, kom die kinders in. Hulle gaan was hulle hande, lê weg aan 'n smaaklike ete en borsel gou tande voordat hulle weer buite gaan speel.

Van die kinders saam met twee van die tannies wat elke dag middagete kook







Die Vrywilligershuis op Paternoster

## PLANT 'N SAADJIE

Hoopsig gaan platgestoot te word om plek te maak vir 'n nuwe ontwikkeling in die area. En met die toekoms van hierdie veilige plek in onsekerheid gehul, het die Paternoster Project NPC-leierskapspan weer eens groot begin droom.

Hulle visie? 'n Nuwe “kinderdorpie” – met 'n huis groot genoeg om tot 180 kinders te akkommodeer, en toegewysde ruimtes vir die verskillende lewensvaardigheidslesse. Binne-in, 'n goed toegeruste kombuis, en buite, 'n groter gemeenskapstuin, speelgrond en aanliggende sportveld.

“Ons beskou sport en beweging as 'n essensiële deel van ons program en as noodsaaklik vir die ontwikkeling van ons kinders,” verduidelik Maïke.

“Ons het 'n uitstekende verhouding met die Departement Sportwetenskap van die Universiteit Stellenbosch – hulle bied liggaamlike opvoeding vir alle ouderdomme en vermoëns aan en het 'n hoogs suksesvolle kinderkinetikaprogram by die plaaslike crèche gevestig. Aangesien ons dikwels nie die toerusting en geriewe het om hierdie inisiatiewe ten volle op 'n groter skaal te laat realiseer nie, sal 'n kinderdorpie deurslaggewend wees om die areas waarin kinders kan speel te verbeter en uit te brei.”

## DOL OOR BOEKE

“Boeke was my reddingsboei toe ek in 'n afgeleë dorpie grootgeword het,” sê Joan Kruger. “Ek sou wou hê dat dit vir elke kind so moet wees; ons het almal 'n bietjie lewensredding nodig.”

Dit was hierdie volgehoue liefde vir woorde wat gelei het tot Joan se 50 jaar lange loopbaan in tydskrifte en uitgewery, 'n PhD in linguïstiek en, nadat sy vyf jaar gelede Paternoster toe getrek het, tot Storiehoek-leestyd. Joan is een van 'n handvol storiëttantes wat hulle bes doen om lees pret te maak. Hulle besoek Paternoster Project NPC se naskoolse program elke week met hulle arms vol nuwe boeke.

“By Storiehoek hoor ons so dikwels: ‘Ag, ek kan nie lees nie.’ Dan vra ons hulle om eerder te sit en luister. En dan maak ons staat op die stories om hulle wonderkrag te laat werk en stadigaan hierdie ‘kannielesers’ in te katrol,” verduidelik Joan.



Joan Kruger, Storiehoek se bestuurder, lees vir die kinders.

## Lees vir lesertjies

Storiehoek is op soek na entoesiastiese vrywilligers om een keer per week (tans Donderdagmiddae) by Hoopsig in Engels, Afrikaans en Xhosa vir die kinders te lees. As jy dalk eerder jou gunsteling kinderboek wil skenk, neem dit gerus na Cathy's Café of die plaaslike biblioteek. Ons verwelkom boekskenkings.



Jy kan ook Paternoster Project NPC se nuwe verjaarsdagkalender met die mooi foto's van Voorstrandt se Adrian Venter koop. Die kalender is te koop vir R125 by Voorstrandt Restaurant, Jêrn & Pantoffels en Cathy's Café.

Ons gaan die inkomste uit kalenderverkope gebruik om boeke vir die Hoopsig-biblioteek te koop.



**“ Ons sal al die kinders van Paternoster se lewens in iets beters omskep, selfs al moet ons dit kind vir kind doen.”**



Al is dit nie bedoel as 'n remediërende leesprogram nie, het baie leerders se skoolpunte in Engels en Afrikaans verbeter omdat hulle by die projek deur tweetaligheid omring word.

Die plaaslike bibliotekaris, Lalie Beneke, sê sy het 'n nuwe tendens opgemerk: kinders kom besoek die biblioteek “sommer vir die lekker”. Sy ondersteun die Storiehoek-missie ook buite die naskoolse program deur 'n ruimte te skep waarvan kinders en tieners deel voel – met boeke en tydskrifte die middelpunt.

In die winter is daar 'n knetterende vuur en 'n plek waar kinders kan skaak speel. Gedurende vakansies reël Lalie temagerigte vakansieklubs en fliëksessies met springmielies. Dit het nog 'n dinamiese, veilige gemeenskapsruimte geword waar almal welkom is, asook 'n voorbeeld van wat kan gebeur wanneer plaaslike inwoners bereid is om 'n bydrae te lewer.

### MEET DIE POSITIEWE IMPAK

“Elke teken van betrokkenheid is 'n sukses,” sê Paternoster-boorling Dustin Coraizin, wat skoolhou by Rietenbosch Primêr op Stellenbosch, maar so dikwels moontlik Weskus toe kom om die vrywilligers te ondersteun.

Hy is net 27 jaar oud, maar weet hoe 'n stryd dit is om dit “te maak” in 'n gemeenskap waar so min werk beskikbaar is. Hy het in dieselfde strate gespeel en het met baie van dieselfde uitdagings te doen gehad as kind van 'n hardwerkende enkelouer. Tans is hy besig met sy meestersgraad aan die Universiteit Stellenbosch en probeer hy ander jong mense van Paternoster wys wat gedoen kan word.

“Ek het altyd my ma se dryfkrag bewonder. Sy het 'n voltydse werk gehad en het steeds tyd gemaak om met gemeenskapsprojekte te help. Sy het my oë oopgemaak ... om te strew na iets beters, nie net vir myself nie, maar vir die toekoms van die groter gemeenskap. Hierdie projek fokus nie net op die kinders van Paternoster nie, maar ook op die ouers, grootouers en wettige voogde.”

Dustin voeg by: “Ons gemeenskap en die regering moet besef dat as 'n individu bewus raak van die eindelose moontlikhede wat op hulle wag – veral ons kinders van Paternoster – hoe groot kan daardie deel van Suid-Afrika dan nie word nie? Ons sal al die kinders van Paternoster se lewens in iets beters omskep, selfs al moet ons dit kind vir kind doen.”

In Oktober vanjaar kom die projek se belanghebbers byeen om die vordering gedurende die jaar te evalueer. Die jaarlikse Paternoster Project Konferensie wil die projek se positiewe maatskaplike impak meet en ook verantwoordbaarheid, oop kommunikasiekanale en geesdrif vir die toekoms bevorder.

Dit kan moeilik wees om in die vroeë stadiums van 'n projek soos hierdie die impak wetenskaplik te kwantifiseer. Die Paternoster Project NPC het twee navorsers van die Universiteit Stellenbosch wat aan die Weskus gebore is, gevra om die mylpale in die komende jare te meet: dr Jerome Joorst en dr Bernard Rhodes.

“As navorsers analiseer ek die impak wat die NPC op die plaaslike erfenisbewaring en vaardigheidsopvoeding van die leerders in die program maak, asook op die gemeenskap as 'n geheel,” sê Jerome, wat spesialiseer in opvoeding in landelike gebiede. “Ek is geïnteresseerd in wie hierdie kinders kan word as gevolg van hierdie program.

“Die uitdagings waarvoor kinders te staan kom omdat hulle gebore is in omstandighede waarvoor hulle min beheer het, maak 'n mens nederig,” voeg hy by. “Om in hulle lewens toegelaat te word is in die eerste plek 'n eer, om met hulle te werk is bevredigend, en om 'n verskil in hulle lewens te maak, is die uiterste dopamien vir die menslike gees.”





## VERANDERENDE GETYE

'n Stap langs Paternoster se uitgestrekte strand lewer verborge skatte op – wat inspoel en, dikwels, weer uitspoel – met elke nuwe brander wat breek. Hierdie klippies, skulpe en seewierlinte sê vir ons dat verandering onvermydelik is – dat nuwe winde storms én voorspoedige vangste kan bring; terugslae sowel as oorwinnings.

Dis 'n gewaarwording wat blywende hoop bring te midde van ontsaglike uitdagings, sê Maike – tye van folterende afwagting, soms frustrasie, of die finansiële onsekerhede wat kom omdat die behoeftes van hierdie dinamiese projek so oorweldigend vinnig groei.

“My ervaring het my geleer dat bemoediging altyd volg op moedeloosheid – beide die op en die af is noodsaaklik om te leer en te ontwikkel,” sê sy.

Die jaar 2019 het opwindende veranderinge meegebring – die nuwe Vrywilligershuis is nou voltooi en gereed om sy deure vir die gemeenskap te open. Die huis is deels blyplek, deels kafee en deels konferensiesentrum – 'n sosiale ontmoetingsplek waar vrywilligers 'n welkom-braai of werkwinkel vir plaaslike onderwysers en crèche-personeel kan hou.

Dié landmerkgebou sê die projek is hier om te bly, wat die gety ook al bring. Daar's nog baie om te doen en te leer van 'n gemeenskap met so 'n ryk kultuurerfenis soos Paternoster.

Vir Caro, die langtermyn- Duitse vrywilligerstudent wat al meer as 'n jaar in die dorp deurgebring het, was die grootste lesse nie dié wat sy vir die kinders geleer het in die “gestruktureerde chaos” van die naskoolse program nie. Danksy haar tyd in Suid-Afrika sien sy nou die wêreld op 'n heel ander manier; dit het haar vasgestelde optrede en persepsies uitgedaag. Caro hoop dat almal wat Paternoster besoek, hulle pas stadiger sal maak, dat hulle 'n bietjie langer sal bly, plaaslike mense ontmoet en hierdie Weskus-juweel sien soos wat sy dit sien. Sorgsaam. Moedig. Veerkragtig.

En tot barstens toe vol potensiaal. **PP**

## Paternoster het jou nodig!

Is jy met vakansie in of naby Paternoster? Kom kyk dan na die projek in aksie.

- Reël vooraf 'n begeleide toer deur die naskoolse program by Hoopsig en die onlangs voltooide Vrywilligershuis en kafee.
- Skenk jou tyd, vaardighede, materiale of geld – 'n bietjie kan baie vermag om die lewens van Paternoster se jong mense te vorm en 'n beter toekoms vir die hele Weskus te skep.
- Maak 'n donasie ten bate van ons droom van 'n nuwe “Paternoster-kinderdorp”.
- Volg die vordering van die projek: bestel 'n eksemplaar van die gedrukte nuusbrief of laai die digitale weergawe van ons webtuiste af.



Om meer uit te vind, 'n vrywilliger te word of 'n skenking te maak, besoek [www.paternosterproject.co.za](http://www.paternosterproject.co.za).

## Baie dankie vir al die donasies wat gedurende 2019 aan die Paternoster Project NPC gemaak is

**S**oveel mense het donasies aan die Paternoster Project NPC gemaak en ons is opreg dankbaar vir elke bydrae – groot en klein. Dankie aan al die donateurs, aan ons bekend of anoniem.



Hierdie spaarbussie, "Kids' House", is ontwerp deur Dianne Heesom-Green. Dit is 13 x 12 x 10 cm groot en word deur die Paternoster Project NPC aan restaurante, winkels en hotelle in Paternoster verskaf om geld in te samel. Indien jy een benodig, kontak ons gerus via ons webtuiste.



**“Dankie aan Paternoster se gemeenskap vir al die harde werk agter die skerms, en vir julle vertroue in hierdie wonderlike geleentheid.”**





### FINANSIËLE DONASIES

André Kleynhans, Zisler-familie,  
Sascha Tünnissen, EARSANDEYES,  
Jan van Berg,  
W. Markgraf GmbH & Co KG,  
Margarethe Nath,  
Arnegger-familie

### ADRIAN VENTER

Foto's vir die  
verjaarsdag-  
kalender

### KOS

André Kleynhans, Ulrike  
Eichler, Leeto Restaurant,  
Gaajtjie Restaurant

### URO ERICHSEN (KUNSTENAAR)

Geld uit  
'n veiling

### ARNOLD VAN ZYL

Bus geborg vir  
die Kirstenbosch-  
uitstap

### BLUE OCEAN ENTERTAINMENT AG

Rekenaar  
en drukker

### TANDARTS, DR LUTZ DÄHNE

Kinder- en  
kantoormeubels

### PATERNOSTER VISSERY

Speeltoring

### SPEELGOED EN SPORTTOERUSTING

Katrin Neuber, Arie Ras,  
Dobler-familie,  
Katrin Krauss

### TUINBENODIGDHED

Joan Kruger,  
Hedwig Slabig,  
Dave Westbrook

Thank you to our sponsors:

NAME	TYPE	VALUE	STATUS
Paternoster	Food	R2 000	Completed
Paternoster	Food	R2 000	Completed
Paternoster	Food	R2 000	Completed
Paternoster	Food	R2 000	Completed
Paternoster	Food	R2 000	Completed
Paternoster	Food	R2 000	Completed
Paternoster	Food	R2 000	Completed
Paternoster	Food	R2 000	Completed
Paternoster	Food	R2 000	Completed
Paternoster	Food	R2 000	Completed

**J**y kan ook 'n bydrae maak vir die kinders se daaglikse maaltye. Kies watter dag van die week asook hoeveel maaltye jy wil borg. Ons het altesaam R2 000 per dag nodig om daagliks een warm ete aan die kinders te voorsien. Besoek [www.paternosterproject.co.za/donate](http://www.paternosterproject.co.za/donate) om te kies hoeveel jy wil skenk.



**Paternoster Project NPC**  
Nedbank  
Rekeningnommer: 1146942400  
Universele takkode: 198765

Indien jy 'n bydrae wil lewer tot die werk wat onder Paternoster se kinders gedoen word en betrokke wil raak by hierdie positiewe verandering, sal jou donasie van goedere of fondse opreg waardeur word. Vir meer inligting oor wat presies nodig is, besoek [www.paternosterproject.co.za/donate](http://www.paternosterproject.co.za/donate).

# 3e PATERNOSTER PROJECT KONFERENSIE

23–25 Oktober 2019

By Gelukkie, Paternoster, Suid-Afrika

**D**ie 3e Paternoster Project Konferensie vind vanaf 23 tot 25 Oktober op Paternoster plaas. Dié jaarlikse geleentheid sluit afgevaardigdes uit Suid-Afrika, Namibië en Duitsland in wat verskillende universiteite en opvoedkundige instellings verteenwoordig, asook die plaaslike munisipaliteit, nieregeringsorganisasies, plaaslike leiers, vrywilligers en ander belanghebbende partye.

Onderwerpe wat vanjaar bespreek sal word sluit in: die moontlikheid van 'n nuwe huis vir kinders – nog 'n veilige hawe vir die ontwikkeling van Paternoster se kinders, die verdere ontwikkeling van 'n volhoubare lewensvaardigheidsprogram, en die doeltreffende samewerking tussen Suid-Afrikaanse en Duitse universiteite om prosesse daar te stel om die sosiale impak van die projek te bepaal.

*Vir meer inligting, besoek [www.paternosterproject.co.za](http://www.paternosterproject.co.za).*

“Om die jeug van Paternoster toe te rus vir die toekoms en om die plaaslike erfenis te onderhou.”



UITGEWER: CHRISTIAN NEUBER · REDAKTEUR: KERI HARVEY · ONTWERPER: ASTRID ROWE · VERTALERS: ELANZA ALBERTS, LOUISE BOTHA, MARLENE ROSE EN LIZNA SNYMAN · PROEFLESERS: HALEY ABRAHAMS (ENGELS), LINÉ LOFF (AFRIKAANS)